

19 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-6
Fokusgedeelte: Matteus 5:6

Geseënd is die hongeriges na wat reg is

Die Here Jesus gebruik sulke maklik verstaanbare taal. Elke kind weet wat dit is om honger en dors te wees. Honger en dors is 'n begeerte na of behoefte aan kos, waarsonder die liggaam nie kan bestaan nie.

Van die duidelike gaan die Here na die onduidelike. Elke mens het ook 'n soeke na iets wat vir hom versadiging of vervulling in die lewe kan gee. Party mense honger en dors na geld. Ander hardloop agter plesier en hulle seksuele honger aan. Ander dink dat geleerdheid die honger in die mens se soeke na sy doel sal bevredig. Hierdie dinge sal jou nie versadig nie.

Wat ons moet najaag is geregtigheid, dit wil sê om reg te wees en reg te doen. Ons moet in die regte verhouding met God staan en reg teenoor Hom optree. Ons moet honger en dors na God se teenwoordigheid. Ons moet soek na die brood van die lewe, Jesus Christus, want wie na Hom toe kom, sal nooit weer honger word en nooit weer dors word nie (Joh 6:35). Verder moet ons soek om reg te wees en reg te doen teenoor mense. Ons moet daarna soek in ons optrede teenoor ander. Ons moet daarna soek in die samelewing waarin ons bly.

As jy honger en dors na geregtigheid, sal jy versadig word. Jy sal die volheid beleef van wat dit is om deur die geloof in Jesus Christus versadig te word. Jy sal vervulling in jou lewe vind wanneer jy reg teenoor ander mense begin optree. Jy sal drink uit die fontein van die water van die lewe – verniet (Op 21:6)!

Sing: Psalm 42:1

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)